# REDAKSIONEEL

Die Redaksie het gehoop om agt studies oor die verhouding van geskiedenis tot sy buurwetenskappe in die September-uitgawe te plaas. Omdat die medewerkers gevoel het dat hulle nie reg aan die temas kan laat geskied in die voorgeskrewe aantal bladsye nie, het die artikels langer geword as wat ons gehoop het. Daar kon weens drukkoste en beperkte ruimte dus net vier opgeneem word. Dit spyt die Redaksie dat die ander vier moet oorstaan vir die April 1983-uitgawe.

Die reaksie van buurwetenskaplikes op die siening van die historikus van húlle vakke, en hulle bydraes oor wat hulle dissiplines van geskiedenis kan leer, of wenke oor hoe daar interdissiplinêr opgetree kan word, moet nou ook oorstaan vir die September 1983-uitgawe.

Die opname van die vier stukke het meegebring dat die meer as 20 boekbesprekings ook vir latere opname uitgestel moes word. Die Redaksie bied sy verskoning aan vir die ongerief, en bedank al die medewerkers van artikels en boekbesprekings vir die moeite wat hulle gedoen het om sonder vergoeding hul tyd aan ons versoeke te bestee.

Die Redaksie hoop dat ons op die samewerking van al ons lesers sal kan bly staat maak. *Historia* Voer 'n opdraende stryd teen stygende drukkoste. Die Hoofbestuur van die Historiese Genootskap was verplig om die intekeninggeld van R5 na R10 vir twee uitgawes op te skuif. Ons vertrou dat ons daardeur oor ons finansiële probleme sal kan kom en dat ons intekenaars hulle verpligtinge getrou sal nakom. Sonder u welwillendheid kan *Historia*, wat die vak geskiedenis en daardeur ook die samelewing dien, nie bly voortbestaan nie.

Die Redaksie bied sy verskoning aan as daar moontlik ongerief ontstaan het by die herorganisasie van die bestuur van die Historiese Genootskap wat die rekeninge betref. Ons het geen sekretaresse nie en die administrasie van *Historia* stel hoë eise aan die tyd van die lede van die Departement Geskiedenis wat by hulle doseerwerk alle verantwoordelikheid vir die rekeninge moet dra. Daar kan nie altyd kwitansies uitgestuur word nie.

FA VAN JAARSVELD
*Redakteur*